

26 Februarie

1 Konings 8:22-30

Geen grense vir God nie

Wat sterk opval in hierdie gebed van Salomo is die ontsaglike respek wat hy vir die Here het. Hy tel sy arms op na die hemel toe om sy afhanklikheid en onderwerping aan die Here uit te beeld. Terwyl die volk dit sien, sak hy op sy knieë voor God neer en begin bid. Salomo bid sewe bedes en elke sin wat hy bid, bely dat die Here ewig en almagtig is. Hy is die lewende God wat met die gelowiges deur die eeue gaan. Hy sluit met hulle verbonde en hou dit in hulle geslagte. Hy is nie deel van die skepping nie, want Hy is ewig en met sy almag beskik Hy oor alles. Die Here vergewe sondes, maar straf ongehoorsaamheid. In sy almag beskik Hy oor enkelinge en oor volke; oor reën en droogte. Hy onderhou alle dinge deur sy genade.

Ons moet dus nie ruimtelik van die Here dink nie, want Hy bestaan deur en bo alle grense van die skepping, naamlik tyd en ruimte. Tyd kan ook nie grense rondom die Here trek nie. God gaan deur die eeue en Hy laat alles altyd gebeur soos wat Hy daarvoor besluit. Daarom begin Hy sy gebed deur daarop te wys dat die Here die God van die geskiedenis is: "Here, daar is bo in die hemel of onder op die aarde geen God soos U nie, wat die verbond en die goedertierenheid hou vir U knegte wat voor U aangesig wandel met hulle hele hart..". Met hierdie woorde word die Here dadelik geopenbaar as God van genade en liefde. God het ons eerste lief, en sy liefde slyt ook nie. Hy raak nie naderhand vir ons moeg nie. God is 'n God wat in die geskiedenis saam met ons gaan en ons altyd met sy teenwoordigheid en sy beloftes beskerm.

Dr. M.J. du Plessis (Bellville)